

Skriflesing: 1 Joh 4:19-5:5

Hoe weet julle watter rugbyspan ek ondersteun? As ek 'n sekere span se trui aantrek, identifiseer ek met die span.

Hoe weet julle of ek 'n Christen is? Watter eienskap soek jy bo alles by 'n Christen?

Tema: Kinders van die Here het die Here lief.

Watter kant van 'n muntstuk is die belangrikste? Al twee kante is ewe belangrik.

Net so kan ons nie liefde vir God en liefde vir mekaar van mekaar skei nie.

Kinders van die Here het die Here lief.

As ek glo dat Jesus die Christus, die gesalfde van God is, is ek 'n kind van God.

As ek glo dat Jesus die Seun van God is, is ek 'n kind van God.

'n Kind van God gehoorsaam Sy geboorte. Sy geboorte gaan oor liefde. Ek leef Sy liefde.

Kinders van die Here het die Here lief.

Ek kan liefde vir die Here nie beter beskryf as Sy eie oproep in Matt 22:37 (Boodskap)

“Jy moet die Here jou God liefhê met alles wat jy is en het. Niks in jou lewe mag vir jou so belangrik soos God wees nie. Hierdie opdrag staan bo-aan die lys.

Is dit waar van jou lewe?

Daar was dwaalleraars in die tyd van 1 Joh wat gesê het dat solank jy net kennis van en liefde vir God gehad het, was dit genoeg. Om mekaar lief te hê, is nie so belangrik nie. Dit is natuurlik nie waar nie.

Die Here roep vir ons op: Wie die Here liefhet, het ook Sy kinders lief.

Geloof en liefde vir die Here word juis sigbaar as ek ander mense, selfs tot by my vyande, liefhet. Maar liefde vir die Here word in die eerste plek sigbaar as ek medegelowiges liefhet.

Kinders van die Here het mekaar lief. Dit is sy gebod.

Die Here sê in Matt 22:39-40 (Boodskap): Maar daar is 'n tweede opdrag wat langs die eerste een op die lys staan. Jy moet ander mense so liefhê asof hulle jyself is. Hierdie twee opdragte vorm die pilare waarop alles rus waarvan ons in die Bybel lees.

In 1 Joh 4:21 lees ons: En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.

My liefde vir medegelowiges is 'n sigbare teken of ek God werklik liefhet.

Hoe lyk hierdie liefde? Ons lees in 1 Joh 3:16: Hiëraan weet ons wat liefde is: Jesus het Sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê.

In 1 Joh 4:10-11 staan daar: Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur Sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. Geliefdes, as dit is hoe God Sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê.

Liefde beteken dat ek, soos Christus, bereid sal wees om vir jou te sterf. Dit gaan nie vir my oor myself nie. Jou belange kom voor myne. My behoeftes is kleiner as joune.

Ek sal myself, my tyd en besittings opoffer om aan jou behoeftes te voorsien.

Dit is nie vir my maklik om ander so lief te hê nie.

Saam met Paulus moet ek in die woorde van Rom 7:19-20 bely:

Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek. En as ek nou doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon. Uit myself, my eie sondige ek, wil ek jou nie liefhê nie. Ek wil myself liefhê en vir myself sorg. Ek is op die troon van my lewe.

Die sondige wêreld met slagspreke soos: elkeen vir hom- of haarself; 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand, maak dit nog moeiliker. Die sondige wêreld vol leuens, haat, vrees, materialisme, wellus, vleeslikheid, selfgenieting, en selfsug, alles wat verhoudings tussen mense kan vertroebel, kry baie maklik ook vashouplek in ons as kerk se lewens. Ek dink hier sommer aan die teksverse in Gal 5:15: Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.

Maar dit hoef nie so te wees. Oorwinning is moontlik. Dit is eintlik maklik. Daar staan in Gal 5:16: Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.

Wanneer ons ons lewens in geloof aan die Here oorgee en naby aan Hom leef, sal ons in sy krag die sondige wêreld oorwin.

As ons glo dat Jesus die Seun van God is wat deur sy opstanding ons sonde en dood oorwin het, sal Hy vir ons laat deel in sy oorwinning oor die sondige wêreld.

Kinders van die Here is nie langer slawe van sonde nie. Hy het ons bevry. Ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefhet.

As ek toegelaat het dat die Heilige Gees my lewe oorneem, werk die Gees God se liefde vir ander mense in my. As ek God toelaat, maak Hy dit vir my maklik om sy geboorte te gehoorsaam. Hy maak dit vir my maklik om lief te hê.

Afsluiting

God is die bron van alle liefde. Hy is liefde en as ek Hom toelaat, werk Hy Sy liefde in my.

In geloof oorgegee aan Hom kan ek nie anders as om Sy liefde uit my te laat vloei nie - in die eerste plek na medegelowiges en van daar af na die uithoeke van die wêreld.

Amen

Voorstel vir skakel in kuberamma

Preke

God is die bron van alle liefde en as ek Hom toelaat, werk Hy Sy liefde in my. In geloof oorgegee aan Hom kan ek nie anders as om Sy liefde uit my te laat vloei nie - in die eerste plek na medegelowiges en van daar af na die uithoeke van die wêreld. [Kinders van die Here het lief.](#)